

Mexikaans getooi

Hierdie borduursteek kan op enige kledingstuk en gebruiksartikel gedoen word. Hoewel dit baie soos satynsteek lyk, gebruik 'n mens die helfte minder borduurdraad en die werk word gouer voltooi. Borduurders met 'n basiese kennis sal dié tegniek interessant vind.


Helder kleure is eie aan Mexikaanse borduurwerk. Marie het twee prente wat op bas geskilder is uit Mexiko saamgebring en dit in dié twee borduurontwerpe omskep. Die kleure en ontwerpe is dus albei eg Mexikaans. Sy het ook 'n doek in Mexiko gekoop, dit goed van nader bekyk en toe die steke uitgewerk. Dié steek kan die beste beskryf word as dubbelvisgraatsteek.

Enige borduurdraad in die kleure van jou keuse, kan gebruik word. Dit wissel van 'n dun draad op klein ontwerpe tot 4-draadwol vir groter ontwerpe. Marie beveel aan dat kort stukke draad gebruik word sodat dit maklik deur die materiaal getrek kan word. Die areas tussen ontwerplyne kan in enige rigting opgevul word, solank die rigting van die steek oor die kortste afstand gewerk word.

BENODIGDHEDE

Kies geskikte borduurdraad vir artikel wat jy wil versier. Ontwerp kan vergroot of verklein word om op verskeidenheid artikels te pas. No. 10 Millward borduurnaald; skêr; aftreppapier; balpunte; spelde; merkpotlood.

Die uitgewerkte voorbeeld bo regs is presies dieselfde as die diagram. Op die hemp wat ons model dra, is 'n variasie van hierdie patroon geborduur. Pas self die diagram aan om interessante variasies te vorm.



Dubbelvisgraatsteek

MAAK SÓ

Merk middelpunt van T-hemp met rygsel. Plaas ontwerp onder voorkant van wit T-hemp, speld vas. Trek ontwerp met merkpun af. Indien donker T-hemp gebruik word, kan jy koolpapier gebruik om motief oor te dra. Geweefde materiaal kan in 'n borduurraam gespan word. Dit word egter nie vir die T-hemde aanbeveel nie, want dit mag dalk rek.

1. Om dubbelvisgraatsteek te begin, steek naald van agter deur na voor. Laat sowat 8 cm van draad aan agterkant uitsteek. Maak kort steek van regs na links op onderste gidslyn.
2. Maak 'n kort steek van regs na links op boonste gidslyn deur naald links van vorige steek uit te bring. Maak tweede steek van regs na links op onderste gidslyn deur naald aan linkerkant van vorige steek uit te bring. Herhaal tot area tussen ontwerplyne ingevul is. Daar moenie te veel agtergrondmateriaal uitsteek nie. Jy kan op enige plek begin om die spasies met dubbelvisgraatsteek op te vul.

borduurders Marie Peacey en Linette van Wyk; foto's Leana Clunies-Ross en Ivan Naudé; model Alice van Ice; hare en grimering Marlene Walter van Carlton Hair International; sketse Wendy Brittnel.

• Marie is tans besig met 'n boek oor Mexikaanse borduurwerk. Vir verdere inligting en ontwerpe kan jy haar by (0283) 76-3434 bel of skryf aan haar, Posbus 511, Onrusrivier, 7201.



Vrolike helder
kleure is eie aan
Mexikaanse borduur-
werk. Marie Peacey,
een van ons voorste
borduurders, het vir
ons dié twee
ontwerpe uitgewerk.
Versorg deur Riana
van der Merwe

